**BULT GARAGE**
**(Edms.) Bpk.**

H/v Tom- en Von Wiellighstraat
POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE, REPARASIES en ander benodigdhede



# die Wapad

Jaargang XVI — Vrydag, 26 Mei 1961 — Nr. 5

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.



KOM NA

**ASTRA**
**MILK BAR**

DIT SAL 'N PLESIER WEES OM U TE BEDIEN

KERKSTRAAT 132 TEL. 477
POTCHEFSTROOM


# 6 AFGEVAARDIGDES NA A.S.B.-KONGRES IN VRYSTAATSE HOOFSTAD

**SES PERSONE is tydens 'n onlangse A.S.B.-bestuursvergadering amptelik benoem as afgevaardigde van die P.U. na die dertiende algemene kongres wat van 15-22 Julie te Bloemfontein plaasvind.**

Die afvaardiging bestaan uit mnre. J. S. du Plooy (leier), P. R. P. Potgieter, J. M. Els, J. J. de Wet Krüger, E. J. de Jager en J. H. Boneschans.

Voorts sal mnre. P. P. Kruger, P. W. Bingle, N. P. Badenhorst en J. H. van Zyl as waarnemers die kongres bywoon.

Mnr. D. A. S. Herbst sal tydens die kongres as die P.U.-referent 'n referaat lewer wat handel oor nasionalisme in sy breëre verband.

### VERSLAE

Uit die halfjaarverslae wat tydens die bestuursvergadering voorgelê is, het dit geblyk dat die plaaslike A.S.B. tak ywerig gearbei het.

'n Herindeling van die onderskeie departemente is gemaak in die sin dat die departement Skakel en Toere verdeel is in drie departemente, nl. die departement Toere, Binnelandse Studentebetrekkinge en Buitelandse Studentebetrekkinge. Die departemente Studie en Navorsing, Rasseaangeleenthede en Kulturele aangeleenthede bly egter onveranderd.

### FONDS GESTIG

Na aanleiding van die besluit op die vorige massavergadering, is 'n A.S.B.-fonds in die lewe geroep om die finansiële toestand van die uniale A.S.B. te verbeter.

'n Komitee is benoem om te skakel met die toerende liggame van die Puk, met Vreugdedag, Die Pukkie en goedgesinde firmas met die oog op moontlike skenkings.

Benewens die geld wat reeds deur die S.R. betaal word, word 'n heffing van 25c. op elke lid van die A.S.B. tak gelê.

### RIGLYNE

Mnre. Koos du Plooy en P. R. P. Potgieter sal vir die komende kongres 'n verslag lewer oor die vordering van selfwerksaamheid aan die Puk met die oog op riglyne vir die kongres.

'n Kommissie sal die verhouding tussen die plaaslike A.S.B.-bestuur en die S.R. deeglik ondersoek t.o.v. die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die verhouding t.o.v. die Hoofbestuur.

# Studente se aandeel aan fees finaal beklink

**REëLINGS vir die aandeel van die Pukke aan die plaaslike feesvierings tydens Republiekwording, is tans finaal beklink, het mnr. J. J. de Wet Krüger in 'n onderhoud verklaar.**

Mnr. Krüger het verklaar dat klasse vir 'n gedeelte van die middag op 30 Mei opgeskort word en dat die studente in 'n fietsoptog tot by die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat sal beweeg.

Vandaar sal hulle te voet na die middedorp gaan waar studente van ander onderwysinrigtings by hulle sal aansluit.

### TOESPRAAK

Prof. H. J. J. Bingle sal 'n toespraak lewer.

**Wat die verrigtinge van die aand betref sal tablo's en sang in d'e studentesaal aangebied word waar na verwagting die rektor, prof. J. Chris Coetzee 'n kort toespraak sal lewer.**

Op Woensdag 31 Mei vertrek 'n groot aantal Pukke met 'n spesiale trein na Pretoria.

★ Kaartjies vir die treinreis is te koop by mnr. Piet Bosman in sy kantoor.

# Geluk Aan Adv. Swart

*'n Eenparige mosie is tydens die onlangse massavergadering aangeneem waarin die studentegemeenskap se gelukwense aan adv. C. R. Swart uitgespreek word met sy verkiesing tot president van die Republiek.*



**„All through the night"—die vlot wat bekroon is as die oorspronklikste tydens Vreugdedag.**

# Vreugdedag Oortref Alle Vorige Rekords

VREUGDEDAG WAS VANJAAR 'n groot sukses. Die Pukke het die saak met hart en siel aangepak en deurgevoer soos net hulle dit kan doen.

Vroeg verlede week is reeds met die vlotbouery begin en Vrydagaand is tot in die vroeë more gespook om afrondingswerk te doen.

Saterdag was 'n ideale dag vir Vreugdedag. Die dorp was vol mense met die oog op die rugbywedstryd tussen die Iere en Wes-Transvaal en die kollektante het min moeite ondervind om die bussies te vul.

### WINS

'n Bedrag van R560 is ingevorder waarvan die regsvlot meer as R200 bygedra het. Die kermis het 'n wins van R100 opgelewer en die boeresport onder leiding van Bok Schutte was 'n reuse sukses.

Die aptekersvlot het die prys vir die besafgewerkte vlot verower met die tema „Rock around the clock". Die mees oorspronklike vlot is deur Dawie Dup en Klawerhof gebou, nl. „All through the night" terwyl Heimat en Kulu die prys vir die lagwekkendste vlot — „Donkey Serenade" — weggedra het.

Indiwiduele kostuums het van besondere oorspronklikheid getuig. Pryse is verower deur Alida Botha wat Die Wapad voorgestel het, Susan van der Walt, 'n mielie, en Elsa Yssel, herfs.

### REKORDBEDRAG

As beoordelaars het opgetree prof. J. Chris Coetzee, dr. T. T. Cloete en mej. C. W. Postma.

Vreugdedag het altesaam 'n rekord bedrag van R3,400 opgelewer wat hoofsaaklik aan liefdadigheid bestee sal word. 'n Radiogram vir die kafeteria sal egter ook aangekoop word. Gerda Loots het die spesiale prys van R30 ingepalm deurdat sy 'n bedrag van R145.20 gekollekteer het.

# 'N DAG HIERDIE WEEK IN PARLEMENT

KORPS EN DIE A.S.B. het Woensdagaand in die Totiussaal 'n gesamentlike skynparlementsitting aangebied. Korps het die opposisie verteenwoordig terwyl die A.S.B. die Regering voorgestel het.

Ons parlementêre beriggewer berig as volg oor die sitting:

Die week in die parlement is gekenmerk deur 'n doelbewuste strewe van die Regering om maatreëls te tref om die land se goeie naam hier en oorsee hoog te hou en die opposisie se halsstarrige verset teen hierdie strewe.

### WETSONTWERPE

Twee wetsontwerpe is in dié verband aangeneem. Die Minister van Binnelandse Sake het 'n wetsontwerp op perssensuur voorgestel wat heftige teenkanting van opposisielede ondervind het.

Die Minister het verklaar dat beheermaatreëls oor die pers noodsaaklik is omdat die pers magte wat aan hom opgedra is misbruik.

'n Opposisielid het verklaar dat die Regering besig is om 'n diktatuur van die land te maak.

### BESWADDERING

Die Minister van Buitelandse Sake het 'n wetsontwerp oor beswaddering van S.A. se goeie naam in die buiteland ingedien. Hy het veerklaar dat die opposisie verdraaide inligting oor S.A. oorsee versprei wat die heersende onsimpatieke gesindheid vergroot.

Die leier van die opposisie het hierop verklaar dat hy steun soek vir sy saak in die buiteland omdat dit nodeloos is om die Regering te probeer oortuig van sy saak.

# Republiekfees

Die Republiekfeesviering in Potchefstroom vind Dinsdag plaas. 'n Eenvoudige maar indrukwekkende program is vir hierdie geleentheid gereël.

Die publiek word versoek om Dinsdagaand na die sentrale gedeelte van die dorp, in Kerkstraat, tussen Potgieter- en Lombardstraat, saam te kom.

# Geologiese Kongres Weer Op Potchefstroom

DIE JAARKONGRES van die Suid-Afrikaanse geologie- en mynboustudente vind vir die tweede keer op Potchefstroom plaas.

Die kongres word aangebied deur die P.U. Geologiese Studentevereniging en sal duur van 3 tot 8 Julie. In 1954 is die kongres ook op Potchefstroom aangebied.

Daar word omtrent 60 studente op die kongres verwag waaronder tien Pukke is. Die kongresgangers sal na alle waarskynlikheid in die militêre kamp gehuisves word.

Tydens die duur van die kongres sal besoek gebring word aan interessante geologiese verskynsels in die onmiddellike omgewing van Potchefstroom asook aan die Vredefortkoepel. Ekskursies na Pilanesberg en die platina- en chroommyne van Rustenburg, waar die kongresgangers ook sal kamp, word in die vooruitsig gestel. 'n Besoek aan die omliggende goudmyne word ook gereël.

In die aande sal gesaghebbendes lesings lewer oor die gebiede wat tydens die kongres besoek word.

Op Maandagaand 3 Julie vind die jaarlikse dinee van die kongres plaas.


**VREUGDEDAG is nog nie verby nie!**

**Bestel by ons die gefotografeerde aandenkings**

**FOTOKUNS**

Tomstraat 82

Telefoon 3185

**sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt**

(Dis nie nodig om ons gratis grammofoonplate en ons portretfoto's te adverteer nie)

# U.K. VRA NASIONALE KONVENSIE

DIE STUDENTE VAN die Universiteit Kaapstad dring aan op 'n Nasionale Konvensie om die vorming van 'n demokratiese regering in Suid-Afrika te bespreek.

Die volgende mosie is bespreek op 'n spesiale massavergadering van die Kaapstadse Universiteitstudente op Woensdag, 10 Mei 1961, luidens 'n berig in „Varsity," studentekoerant van daardie Universiteit:

„Aangesien hierdie massavergadering van studente glo dat demokratiese opvoeding nie kan bestaan in 'n ondemokratiese gemeenskap nie,

- herbevestig ons ons oortuiging dat regverdige regering gebaseer moet wees op 'n erkenning van fundementele mensregte en dat die goedkeuring van diegene wat regeer word, nodig is vir so 'n regering; en
- ons vra dus onmiddelik 'n Nasionale Konvensie aan om die vorming van 'n demokratiese Suid-Afrikaanse regering te bespreek.

### MISKENNING

'n Prominente studenteleier van U.K. verklaar in „Varsity", as motivering van die mosie, dat die regeringsbeleid oor die afgelpe dekade en langer, uitgeloop het op die vermindering van regte en die miskenning van die vryheid van die meerderheid Suid-Afrikaners, deurdat die nieblankes in Suid-Afrika konsekwent weerhou is van deelname aan die landsregering en -administrasie.

Een van die uitvloeisels van hierdie totalitêre politieke teorie was dan dat die Universiteit Kaapstad omvorm is tot 'n „closed, whites only institution". Die regeringsbeleid word dus beskou as immoreel en skadelik vir die land se ontwikkeling.

### ROEPSTEM

Die skrywer beweer verder dat daar in Suid-Afrika 'n groeiende roepstem opgaan om die huidige regering omver te werp en 'n Nasionale Konvensie, wat verteenwoordigend is van alle rasse in Suid-Afrika byeen te roep om alle landsprobleme op te los en 'n werklike demokratiese regering daar te stel. Hierdie Nasionale Konvensie sal dan, indien dit binne afsienbare tyd byeengeroep word, in staat wees om die hele probleem op 'n vreedsame en „nonviolent" wyse op te los.

- Die mosie spruit voort uit die werksaamhede van 'n onoffisiele komitee wat die opponering van die beoogde republikeinse feesvierings ten doel het. Hierdie komitee bestaan uit verteenwoordigers van die „Modern World Society", die „Radical Students' Society", N.U.S.A.S., die Studenteraad van U.K. en die redakteurs van „Varsity".

(Interuniv. red. D.W.)

DIE BULT
DROOGSKOONMAKERS
(EDMS.) BPK.
Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

# Gratis Konsert

'N PLAASLIKE strykorkes en kore van Collegium Musicum en Volksteater tree Saterdagaand in die Konstertsaal van die Konservatorium op in 'n konsert aangebied deur die Collegium Musicum. Sarie Serfontein-Theron en Anna Papendorf tree saam met die orkes op in Christe Eleison van Bach. en Pieter de Villiers speel die D-mineur klawesimbelkonsert van dieselfde komponis. Verder tree 'n fluitspeelster van Johannesburg op in verskeie werke, onder andere dele van Handel se Watermusiek.

Die konsert is gratis (net 'n silwerkollekte by die deur) en begin na afloop van die voorbereidingsdienste vroeër in die aand. ALLE persone kan die konsert bywoon, nie net lede van Collegium Musicum nie.

# APOLOGIE VIR OPTREDE

Die Geagte Redaksie,

Ondergetekende wens hiermee apologie aan alle betrokke instansies aan te teken vir:

- Die wyse van optrede en verspreiding van „Ons is Moeg . . ", en
- Die moontlike beskadiging van eiendom voor die Hoofgebou.

Dankie.

M. Potgieter

# Munchense Kamerorkes sal Moeilik Oortref Word

DIE BESTE ORKESKONSERT wat Potchefstroom ooit belewe het en wat in die toekoms moeilik oortref sal word, het Dinsdagaand 'n (skraal) gehoor getrek, waarvan so 'n klein persentasie studente was dat 'n mens besluit dat baie meer mense op die campus moeg is as wat in pamflette gesê word.

Hierdie traak-my-nie-agtigheid van studentekant het veroorsaak dat die Musiekvereniging 'n skade van R150 moes ly. Dit is definitief nie 'n aanmoediging vir hierdie bestuur om weer so 'n onderneming te loods nie. Dit wil lyk asof meer as 95% van die studente gladnie in musiek belangstel nie.

### AANGENAME HERRINNERINGE

Die uitvoering self wek meer aangename herinneringe — dit het alle verwagtings oortref en 'n blywende indruk gelaat by al die toehoorders Die Bach-deel van die program het geillustreer watter mate van perfeksie die dirigent met sy groep strykers kon behaal. Veral by die fugas was dit opmerklik hoedat die dirigent op kalme wyse die gevraagde vertolking van elke noot kon verkry sonder dat 'n mens bewus word van die stremming op die spelers in 'n werk van dié aard.

Die hoogtepunt van die aand was die onverbeterlike uitvoering van Bach se dubbelkonsert vir twee viole en strykers. Die opset van die hele vertolking, die deursigtige spel van die orkes en die virtuose spel van die twee soliste oortref plaat opnames wat ek al gehoor het.

### TEGNIEK

As oorgang na die fyn Mozart divertimento's het gedien die konsert in ré van Strawinsky, waar die gehoor weer beindruk is deur die tegniek waaroor elke lid van die orkes beskik.

As 'n mens in aanmerking neem dat hulle feitlik elke aand optree, en 'n uitvoering van hierdie gehalte lewer, blyk dit dat die koerantverslae en die voorspellings wat in die vorige Wapad gewaag was, geensins ongegrond was nie.—(J.M.)

# VERKLARING OOR „ONS IS MOEG"

Die Studenteraad het na aanleiding van die vlugskrif „Ons is moeg" die volgende verklaring uitgereik:

1. Die Studenteraad beskou die aantyging vervat in die genoemde skrif as 'n klag teen die studentegemeenskap as geheel.
2. Die Studenteraad betreur die modus operandi van die opsteller(s), aangesien:
   - Die naam van die Universiteit, doserende personeel en studentegemeenskap nadelig in gedrang gebring is;
   - indien grondige besware deur die opsteller(s) gekoester word teen wie of wat ookal, daar daartoe bevoegde organe is vir behandeling van sodanige besware, nl. die Studenteraad en die Raad en Senaat van die Univesiteit;
   - nie 'n Christelike en geregverdige weg gevolg is nie.
3. Die Studenteraad betreur die eiendomsbeskadiging van die Universiteit.
4. Die Studenteraad neem stappe teen sodanige modus operandi.

# U.V. HULDIG PRESIDENT

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het besluit om 'n huldigingsfonds van R200,000 in die lewe te roep ter ere van die aangewese Staatspresident, mnr. C. R. Swart.

Met behulp van die fonds wil die Universiteit so spoedig moontlik 'n sierlike en waardige gebou oprig wat in die eerste plek die departemente vir die regs- en staatswetenskappe sal huisves. Adv. Swart is kanselier van die Universiteit.

Die fonds sal bekend staan as die President C. R. Swart-huldigingsfonds en word op landswye grondslag aangepak, hoofsaaklik met die steun van die Reünie van Oudstudente.

Oudstudente of ander invloedryke en goedgesinde persone op elke plek in die land word versoek om die leiding te neem en sentrale komitees te stig vir die insameling van bydraes vir die huldigingsfonds. Die Universiteit het ook aangekondig dat die fonds met 'n bedrag van R10,000 geopen is.

### DANKBAAR

In 'n omsendbrief aan alle oudstudente skryf dr. B. Kok, president van die konvokasie van Oudstudente, dat die gebou „as 'n blywende en sinryke monument kan dien om die roemryke loopbaan van een van ons gewildste oudstudente altyd in dankbare herinnering te hou."

Hy voeg by dat die gedagte is om die gebou so in te rig dat daar in die portaal en die wandelgange borsbeelde aangebring kan word van al die presidente van die gewese Vrystaatse Republiek en ander bekende figure wat 'n belangrike aandeel in die republiek se staatkundige en kerklike lewe gehad het.

- Bydraes kan gestuur word aan die Registrateur van die Universiteit, of aan prof. B. Kok (in albei gevalle posbus 659, Bloemfontein).

# Anton Hartman voor A.B.K.K.

Die befaamde mnr. Anton Hartman, dirigent van die S.A.U.K., sal op 21 Junie met 'n lesing oor die kulturele aspek van musiek optree tydens 'n programaand wat deur die A.B.K.K. aangebied word.

Na afloop van die byeenkoms sal mnr. Hartman 'n repetisie van die koor wat oefen vir die Pukplaat, bywoon.

# Korrespondensie Afgesluit

**Korrespondensie na aanleiding van 'n brief in die vorige uitgawe van Die Wapad oor vervoerreëlings is afgesluit.**

**Die hoofredaksie van Die Wapad het besluit dat persone wat nog besware oor hierdie aangeleentheid wil lug, regstreeks met die konvenor van die Bou- en Vervoerkomitee, mnr. Nic Swart, kan skakel.**

Probeer ons eerste vir
AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE
OPEN 'N REKENING BY
AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes
KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

ONDERSTEUN STAATMAKERS!
APTEKERS
P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929

Dames!
PROTEA APTEEK
Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:
★ HELENA RUBENSTEIN
★ Dr. PAYOT
KERKSTRAAT 86

Sterkte!




Lion Export Ale
VZ008124/2

## Lesing deur Student

Mnr. Johan Koen, nagraadse student in Fisika, het op Vrydagmiddag 19 Mei 'n colloquium gehou oor „Die Bepaling van die Momentum van Swaar Deeltjies d.m.v. Reikafstande".

Die lesing is bygewoon deur die doserende personeel en nagraadse studente van die departement Fisika.

In sy lesing het mnr. Koen verwys na die hodoskoopprojek, die navorsing waarmee hy besig is, waarmee die verstrooiing van sulke deeltjies nagegaan word.

## Van Aktuele Belang

*Mnr. Wynand van der Merwe, voorsitter van die debatsvereniging het in 'n onderhoud met Die Wapad verklaar dat sy bestuur deur sulke byeenkomste geleentheid wil bied aan persone om in kleiner kringe hul saak te stel en sodoende ondervinding op te doen om in groter vergaderings hul stemme te laat hoor.*

*Die onderwerp tydens Woensdagaand, 17 Mei, se byeenkoms was „Die organisasie en verkiesingstelsel van ons studentelewe".*

*Die byeenkoms is goed bygewoon deur dames sowel as mans en uit die bespreking het geblyk dat die verkiesingstelsel van die Puk in beginsel goed aan sy doel beantwoord, hoewel daar grond is vir verbetering.*

*Kleinere debatsbyeenkomste word deur die P.U.-debatsvereniging gereël waar geredeneer word oor studenteaangeleenthede van aktuele belang.*

*Die debatsbestuur nader verskillende persone om so 'n byeenkoms by te woon. 'n Kort inleiding oor 'n bepaalde onderwerp word deur die voorsitter gelewer om gedagtes te prikkel en daarna word die onderwerp oopgestel vir bespreking.*

## AMPIE—HULLE KOM KUIER



**Met hoenders, varke, kinders en ander besittings het (mev.) Piet Bingle, Wynand van der Merwe en Jan Boneschans vir groot vermaak tydens Vreugdedag.**

## IN U LIG

(Vervolg van bladsy 2)

te wys. Dit is teen Gods bevel!

**SONDE**

Joab se sonde is dat hy ywer vir sy koning, nie vir sy **kóning** nie, anders sou hy Dawid gehoorsaam. Daarom ontvang hy sy straf in die dood wat deur Salomo voltrek word.

Ons ywer vir ons beginsels. Dit is goed om beginsels te hê maar ywer ons daarvoor omdat dit van **Gòd** af kom, of omdat dit **òns** s'n is? As ons op eergenoemde „Ja" antwoord sal ons aan die Here gehoorsaam wees in die liefdesgebod.

Ons het tog die voorbeeld: Hoewel God toorn oor die sondaar, gaan Sy Vaderhart uit na die sondaar vir wie Hy Sy Seun laat sterf het.

● Sal ons dan nie dieselfde doen nie? Anders is daar geen moraal in ons ywer vir God nie!

P. KRÜGER.

# Uitstalling Skep Goeie Indruk

'N KUNSUITSTALLING is verlede Woensdagmiddag in 'n lokaal van die biblioteek te midde van groot belangstelling geopen toe Prof. Dekker 'n bondige waardering oor die 23 skilderye van Anna Vorster uitgespreek het.

Prof. Dekker het veral melding gemaak van haar eenvoud van uitdrukking wat gepaard gaan met absolute eerlikheid. Hier het hy veral verwys na drie van haar abstrakte skeppings, tw. twee Doriese Komposisies en „Propylea".

Meer verstaanbaar vir die leek was twee skilderye waar kleurkontras 'n belangriker rol speel, nl. „Hilbrow Glitter" en „Goeie Vrydag"; ook die reeks skilderye waar sy haar bepaal by die indrukke van haar toer van verlede jaar deur die Midde-Ooste en besonder die Griekse eilandjie Mykonos.

**STYL**

Hoewel daar in hierdie reeks een tipiese deurlopende styl te bespeur is, pas sy haar verbasend goed aan om die atmosfeer van elke onderwerp op die doek vas te lê—mens dink hier aan „Acropolis", „Wit Mure" en die antieke voorkoms van „Rocks of the Dead Sea".

Dit is verbasend watter mate van volwassenheid die kunstenares reeds bereik het, as ons in aanmerking neem dat haar tydperk van skoling skaars agter die rug is. 'n Mens behoort in die toekoms nog baie van haar te hoor.—(J.M.)

## Regstelling Van Foute

*Die redaksie van Die Wapad wil graag die volgende foute wat in die vorige uitgawe (10 Mei) ingesluip het, hiermee regstel:*

★ *Op bladsy 1 is twee name uitgelaat uit die afvaardiging van die Studenteraad na die konferensie in Pietermaritzburg.*

*Die volle afvaardiging het bestaan uit mnre. J. J. de Wet Kruger, P. R. P. Potgieter, J. M. Els en D. A. S. Herbst. Die waarnemers was mnre. J. H. Boneschans, P. A. Venter, C. J. H. Venter en F. R. P. de Bruyn.*

★ *Die hoofdirigent se naam is op bladsy 5 verkeerdelik as Hans van Zijl aangegee — dit moet wees Hans van Zyl.*

★ *Die foto van mnr. J. S. du Plooy op bladsy 8 is deur Fotokuns geneem. Die redaksie vra Fotokuns om verskoning dat die foto nie erken is nie. — (Red. D.W.)*

# Aptekers Gaan Kongres In Kaapstad Bywoon

VANAF 3 TOT EN MET 8 Julie sal 'n afvaardiging van vyf lede van die P.A.S.V. en twee lede van die bestuur van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudentefederasie uit Potchefstroom 'n kongres van bg. federasie in Kaapstad bywoon.

Hierdie kongres vind jaarliks plaas en word gereeld deur lede van die P.A.S.V. bygewoon. Op hierdie kongres word sake rakende die aptekerstudent, die aptekerswese en veral sake van professionele belang bespreek.

Die afvaardiging van die P.U. sal bestaan uit die volgende persone: mnr. Johan Offermeier, onder-president van die Aptekerstudentefederasie en leier van die afvaardiging, Gustav du Toit, penningmeester, Donald MacDonald, onderleier, en die volgende lede van die P.A.S.V.: Len Ortlepp, Leon Kusner, Roelf van Ryneveld en Merf Swartz.

**PER TREIN**

Die groep reis per trein aangesien genoegsame fondse om met die vliegtuig te reis, ontbreek. Verlede jaar het die kongres in Johannesburg plaasgevind en het die kongresgangers per motor gereis.

Mnr. Johan van der Walt, 'n oud-Puk, wat nou sy studies oorsee voortsit, is verteenwoordiger van die S.A. Aptekerstudentefederasie by die Internasionale Aptekerstudentefederasie in Europa.

**BEDRYWIG**

Die bestuur van die P.A.S.V. is baie bedrywig. 'n Ruk gelede is 'n massafliek gereël, waarheen die opkoms nogal goed was. Vir die loop van die jaar word nog twee of drie soortgelyke vertonings beoog. Geld wat sodoende ingesamel word gaan ter stywing van die boufonds van die nuwe Farmasiegebou.

Die ledetal van die P.A.S.V. staan op die oomblik op 115. Dit bring mee dat die Aptekerstudentevereniging op die P.U. die sterkste is in die land.

Die bestuur vergader elke twee of drie weke terwyl vier of vyf ledevergaderings deur die jaar gehou word.

Die bestuur bestaan uit die volgende lede: voors., mnr. Offermeier, o/voors., Koos Stals, sekre., mej. Bets Strydom, o/sekre., mej. Salome Oosthuizen, penningm. D. MacDonald, add. lid, Len Ortlepp, eerstejaarsverteenwoordiger, Leon Kusner.

● Professor K. W. Gerritsma is erepresident van die vereniging.

## Het U Geweet?

Die wêreldgebruik van koerantpapier was in 1959 sowat 13 metrieke ton, waarvan die V.S.A. sowat die helfte gebruik het, berig SAPA-Reuter uit New York. Hierdie gegewens is verkry aan die hand van die V.V.-jaarboek.

## Die Wapad Eerste Met Nuus

Die Wapad was een van die eerste koerante in die land wat met die nuus van adv. Swart se verkiesing as president van die Republiek van Suid-Afrika op die straat verskyn het.

Die uitslag van die verkiesing is om 12.02 op Woensdag 10 Mei bekend gemaak en Die Wapad het omstreeks 4 nm. op straat verskyn met plakkate wat die nuus van die presidentsverkiesing uitbasuin het.

# Meer oor die Praktyk van Selfwerksaamheid

**SELFWERKSAAMHEID deur studente sal vanaf 1 Junie in die koshuise van die P.U. vir C.H.O. in werking tree.**

Mnr. C. P. van der Walt, huisvader en voorsitter van die advieskomitee vir koshuise, verklaar dat 'n besem 'n stofpannetjie en 'n stoflap vir elke kamer voorsien sal word.

Die items sal in die kamers bewaar word en bewoners sal daarvoor verantwoordelik wees.

**EETSALE**

Vir bediening in eetsale van manskoshuise sal vier „driedekker"-stootwaentjies en 'n groot aantal skinkborde beskikbaar gestel word.

Die verklaring lui voorts dat geen bediendes op 31 Mei ontslaan sal word nie, maar dat voorlopig ander werk aan hulle gegee sal word.

Indien die benodigdhede vir die bediening nie betyds beskikbaar is nie, kan dit oorweeg word om selfwerksaamheid in die eetsale eers vanaf die begin van die derde kwartaal toe te pas.

„Same Day" Droogskoonmakers

Kerkstraat 196A

Vir Hoflikheid en Vinnige Diens

ALLEENLIK VIR BLANKES

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG" . . .
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN" . . .

Besoek

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei

★ WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP TAMATIESAP en KOEJAWELSAP in bottels en blikkies

Posbus 171—Kerkstraat 122 Tel. Nrs.: 12 & 2582

Lepisma Saccharinum Es?

Is u 'n Boekwurm? . . .

KOM KRY U VOEDSEL DAN BY ONS —

Pro Rege-Pers Beperk

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

KERKSTRAAT 91-95 TEL. 1164 en 497

BORCHERDSTRAAT TELEFOON 3431

POTCHEFSTROOM



„Dit sal Joubert & Jacobs wees, Menere!"

CORNER FRUIT STORE

„U Ken Ons!"

Parksig Eiendoms-agentskap
HUISE, PLASE, PLOTTE, BESIGHEDE, STANDPLASE
Vir 'n EERLIKE TRANSAKSIE sien of bel
Telefoonnommer 1486 Na-ure 2054
Eienaar . . G. Schoonhoven

Is u gekys? JA! VERLOOF?
Nog nie . . . spreek dan
EDDIE de BEER
DIAMANTSLYPER
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak
BEL 869-1260 — ALBERTON

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .
Ons bak die HEERLIKSTE
Vleispasteitjies
Turkstra
BAKKERY BAKERY (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

die Wapad

# Die Republiek S.A.

ONS werklike take en pligte lê voor! Die koms van die Republiek Suid-Afrika bring moeilike werk wat nou op staatkundige gebied en die breë terrein van die volkslewe voorlê.

Die hoogte wat die Republiek in die statery beklee, gaan in alle opsigte afhang van die wyse waarop sy burgers hulle van hul groot taak gaan kwyt. Eintlik hou hierdie taak nooit op nie, want dit verg van die gewone burger ewigdurende waaksaamheid.

Dis nie nou 'n tyd vir hanekraaiery oor die Republiek nie. Dis 'n tyd vir werk. Verslapping mag nie intree nie. Die Republikeinse staat sal op die beskerming van al sy burgers moet reken.

'n Droomparadys sal die Republiek beslis nie wees nie. Mens hoef in hierdie verband slegs na twee vraagstukke te verwys. Die eerste is ons rassevraagstuk wat wag op 'n behoorlike oplossing. Die tweede is druk van 'n onsimpatieke internasionale wêreld.

### KULTURELE TAAK

Maar ook 'n geestelike en kulturele taak wag op Suid-Afrika. Kom ons rig die oog na binne en gee onsself rekenskap van wat dié besondere taak, afgesien teen die perspektief van verlede, hede en toekoms, werklik is.

Voorop staan dat Suid-Afrika nog nooit kultureel 'n homogene eenheid gewees het nie. Met sy veelheid van tale en verskeidenheid van geestelike afkoms was hy nog altyd 'n geestelike en kulturele josefskleed.

Die bane van die kleed is beslis nie ewe wyd nie. Die bydrae van ons Nederlandse en Engelse voorouers oorweeg, maar ook ander stamvaders uit Frankryk, Duitsland en selfs Skotland, Portugal, Griekeland en Skandinawië — om maar net die draers van die Westerse beskawing te noem — het elkeen sy bydrae tot die geheel van die kultureel-geestelike patroon gelewer.

### DUBBELSTREEP

So fel was egter die son in dié suiderland dat baie van die bonte kleure verbleik en saamgesmelt het tot twee oorwegendes — Afrikaans- en Engelssprekendes.

Weens historiese oorsake, waarop dit nie meer nodig is om in te gaan nie — veral nie nou dat 'n dubbelstreep onder die rekening van die verlede geplaas en dit finaal afgesluit is nie — het die twee volksdele geslagte lank onrustig saam in hierdie land gewoon.

'n Moontlike rede vir dié onrustige saamwoon moet 'n mens waarskynlik daarin soek dat hulle nie eens van mekaar afgeskei woon nie, soos, sê maar die Nederlandssprekende Vlaminge en die Franssprekende Wale in België, of soos die Frans-, Duits- en Italiaanssprekende Switsers in hul oudste van alle Europese republieke, maar saam, intiem vermeng, deurmekaar geklits in één gemeenskaplike stede, dorpe, strate, hotelle en selfs huise!

### IMPERIALISME

Maar in alle opregtheid is daar ook 'n ander rede: omdat die Afrikaners in die verlede nie talryk was nie en beskou is min of meer as 'n soort aanhangsel by 'n groot imperium, is ook hooghartige geestelike imperialisme ten opsigte van hulle bedryf waarin hulle nooit met behoud van enige gevoel van eiewaarde kon berus nie.

Nou is jare lank 'n belaglike vrees by die minder getalsterke Engelssprekende gemeenskap van Suid-Afrika aangeblaas dat die Afrikaner in sy opkoms vir hulle met selfde optrede bedreig as dié wat hy gewraak het en waarteen hyself so heftig in opstand gekom het. As ons in die verlede van ,,die eeu van onreg'' gepraat het, dan is dit nou vir goed verby.

Want met die dubbelstreep onder daardie rekening geplaas, is dit nou moontlik vir die twee groepe om, met behoud van hulle eie identiteit, en fier en trots daarop, maar saamgesnoer deur één gemeenskaplike lojaliteit aan Suid-Afrika, saam te werk om 'n ryke beskawing tot stand te bring wat dié heerlike land waardig is.

### BROER-KLEINBOET

Die koms van die Republiek skep eenvoudig die voorwaarde vir 'n kulturele lewe waarin die verhouding nooit weer dié van baas teenoor kneg, of selfs van ouer broer teenoor kleinboet sal wees nie, maar dié van volkome gelykgeregtigde, in hulleself volwaardige en ook onderling welwillende gelykes.

Dat dié aanbod van Afrikanerkant kom, nie onder dwang nie, nie in 'n tyd van swakheid of verleentheid nie, maar oop en eerlik in die uur van ons grootste politieke mag, maak, glo ons, ook die aanvaarding daarvan vir Engelssprekende Suid-Afrika geen vernedering nie.

Dit is die kulturele taak wat op ons wag. Vir een geslag is dit voorwaar groots en swaar genoeg!

Daarom sal die Republiek Suid-Afrika des te sterker wees indien dit rus op die breë skouers van sowel Afrikaner as Engelsman en Afrikaanse student en Engelse student.

# In U Lig

ONS NEEM DIE kern van hierdie teks saam in die opskrif: 'n Verhaal sonder moraal!

Dit is asof ons twee mense in die persoon van Joab vind:

- Die getroue man aan Dawid.
- Die ontroue man aan Dawid.

Is dit reg om hierdie onderskeid in Joab te maak? Hy ywer tog baie vir Dawid, offer alles op vir sy koning. Hy oorwin menige vyand maar gee dan die eer aan Dawid.

Buitendien ontvang Absalom hier 'n regverdige straf! Hy het teen sy vader opgestaan en wou hom van die troon afstoot. Soedoende oortree hy die gebod: ,,Eer jou vader en jou moeder". 'n oortreding wat die dood verdien, daarom hang hy aan sy hare tussen hemel en aarde—hy hoort nie by een van die twee nie.

**2 Sam. 18 : 14.—,,Toe sê Joab: Ek wil nie so by jou vertoef nie. En hy het drie spiese in sy hand geneem en die in die hart van Absalom gesteek, terwyl hy nog lewendig was binne-in die terpentynboom."**

### GENADELOOS

Aan die ander kant is Joab in sy ywer genadeloos, iets wat Dawid verbied het—selfs teenoor sy seun. So word Joab ongehoorsaam aan sy koning, gaan hy teen hom in en verval in dieselfde sonde as Absalom; raak hy self verstrik in dit wat hy wou verdelg.

In ons teks kom altwee kante uit. Hy wil die troon van Dawid weer bevestig, maar dan het hy nie tyd vir mooi praatjies nie—,,Ek wil nie so by jou vertoef nie!"—hy het nie tyd vir die menslike nie. Hy maak Absalom dood en draai grimmig, selfvoldaan om.

Joab is tipies van die mens—tweeslagtig! Ons is christelik, ywer vir God; het ons beginsels; maar vir almal wat nie daarmee instem nie, het ons geen tyd voor nie. As ons die dranksugtige teëkom, loop ons draaie om hom; daar is baie vir wie ons nie tyd het nie.

Ons ywer vir God, maar ons ywer maak die beginsel dood wat God van ons vorder, nl. liefde.

### HEMEL EN AARDE

Dawid is tipe van dié Vader: ,,Saggies met die seun, Absalom", met hom wat tussen hemel en aarde hang.

Hoe sag handel òns met diegene wat soos verdwaaldes lewe; die wat nie op die aarde tuisvoel nie, maar wat ook nie na die hemel opkyk nie? Al te dikwels tree ons hard teenoor hulle op.

Joab steek die spiese in Absalom se hart terwyl hy nog leef—dit moes veel pyn veroorsaak het. Ons pynig diesulkes net so in plaas van om hulle op die ewige weg van Christus

(Vervolg op bladsy 3)

# Menseregte

ELDERS in hierdie uitgawe verskyn 'n berig oor 'n beroep wat van die Universiteit Kaapstad uitgegaan het vir 'n bont kongres om die weg voor te berei vir 'n ,,nasionale konvensie'' wat 'n ,,gemeenskaplike patriotisme'' en ,,gemeenskaplike beleid'' vir Suid-Afrika moet uitwerk waardeur ,,fundamentele menseregte'' dan aan alle mense toegesê sal word.

Dat die kwessie van menseregte nou weer uit die rommelkas opgediep word, kan verstaan word as mens daaraan dink dat ons in hierdie dae gaan deur 'n tyd van spanning en opwinding en meer mense as gewoonlik praat en dink oor sake wat hulle gewoonlik aan politieke leiers oorlaat.

Menseregte het in die geskiedenis gedien om die vryheid van die individu teen die gesag van die staat te beskerm. Op sekere terreine van die lewe moes die individu volle vryheid geniet sonder inmenging van die kant van die owerheid. In demokratiese lande word hierdie regte dan ook vryelik erken: sonder hulle kan daar geen ware demokrasie wees nie.

### ONKUNDE

Die huidige agitasie om erkenning van menseregte is 'n soveelste openbaring van sekere elemente in S.A. aangaande hul onkunde oor die geestelike agtergrond van die Afrikaner. Die Afrikaner was nog nooit onderdrukker van die vryheid nie, maar wel beskermer daarvan uit hoofde daarvan dat hy dit geërf het van diegene wat die meeste gedoen het om hierdie regte erken te kry.

Mens hoef in hierdie verband slegs die volgelinge van Calvyn te noem wat in die sestiende eeu gestry het vir gewetensvryheid. Vir die erkenning van hierdie reg is waarskynlik meer Calviniste — en by name Hugenote, voorvadere ook van die Afrikaner — gedood as aanhangers van enige ander godsdiensvorm. Dit was ook die Nederlandse republiek wat dié mate van vryheid van spraak erken het wat in die res van Europa destyds onbekend was.

Waar die Afrikaner gegaan het, het hy hierdie reg met hom saamgedra. Mens hoef in hierdie verband slegs te verwys na die manifes van Piet Retief van 22 Januarie 1837 en die eerste Voortrekker-konstitusies om te besef dat die Afrikaner nog altyd die grootste eerbied vir die vryheid van die individu geopenbaar het en dat hy ten opsigte daarvan die gesag van die staat beperk het.

### PROTES

Meermale het die Afrikaner in die verlede teen 'n aantasting van hierdie regte geprotesteer. Wyle dr. D. F. Malan het immers eenmaal na die Afrikaner verwys as ,,kinders van die protes''.

Hierdie tipe uiting uit Kaapstad om 'n nuwe gesindheid in S.A. dwing ons om aan die betrokke elemente te sê dat hulle 'n groot geleentheid om die bestaande gesindhede in ons land te transformeer, verby laat gaan het.

Ons rasseverhoudinge sou voorwaar aangenamer gewees het as hierdie akademici teenoor die Afrikaner die helfte van die aanpassingsvermoë en gesindheid geopenbaar het as wat hulle van die Afrikaner eis teenoor die strydlustige swart imperialisme.

As hulle daarin aan hulle publiek leiding gegee het, sou hulle invloed gehad het waar hulle dit vandag nie het nie.

# Oor en op die Campus

**DIE HEIMATTERS, en die hele kompleks eintlik, is deesdae baie bedrywig. Elke aand sal hulle mos gedurende sleeptyd hul gesigte in die dameskoshuise se sitkamers gaan wys.**

So van gesigte gepraat: dit is ongelukkig al wat die ding miskien kan bederf. Moet my nou nie verkeerd verstaan nie—die gesigte kan maak dat daar kyste en sulke goeters kan uitbroei.

Maar nouja, die liefde maak blind, en ook maar goed so, want anders sou 'n hele paar ouens seker sonder asters gewees het.

Afgesien daarvan het dit darem nog 'n bykomstige voordeel: die liefde maak warm gedurende die lang winteraande.

### BESOEKE

Om nou weer terug te keer tot die kompleks-besoeke waarvan ek nog nie afgedwaal het nie: as hulle so aanhou sal ons seker hier met Intervarsity al mooierig kan sing.

● Hoeveel kyste daar al op hierdie wyse ontstaan het weet ek nog nie, maar dat hierdie hele skema al individuele opgewondenheid veroorsaak het, is doodseker.

Laat ons nou maar eers hierdie saak 'n rukkie los en meer aandag skenk aan die kleiner groepies wat die sitkameromstandighede alles behalwe gerieflik vind, en eerder hulle toevlug tot die „deep-freeze"-bankies neem.

Hiermee bedoel ek die sementgedoentes wat 'n mens wonderlik en gerieflike ondersteuning op al die onnodige plekke gee terwyl jy probeer om bo-op te bly.

### GROOT DINGE

**Willie Froneman** het gevoel dat die koue sy bloed warmer laat klop. **Hilda Jonker** (Pote) huldig dieselfde mening, en so moes die twee noodwendig maar bymekaar uitkom.

As iemand anders kan sleep, dan kan **Klaas Badenhorst** ook mos. Geen wonder **Cora van Wyk** loop nie meer alleen rond nie.

Vir **Ons Huis** se inwoners is dit 'n groot verligting dat **Frans Schutte** ook onderdeur se kant toe gestaan het. Nou hoef hulle nie elke aand met hom opgeskeep te sit nie. **Alida Schreuder** gee glo nie om om met hom op (geskeep) te sit nie.

**Karel Fouche** gee die posdiens glo hoofbrekens. Hy kry meer as daagliks 'n boekdeel (in die vorm van 'n brief) van Brakpan se rigting af.

### JAMMER

Dit is darem jammer dat **Magdalene Lategan** Dinsdagaand gehek was, want toe moes ou **Andries Coetzer** net mooi 'n aand langer wag voordat hy vir haar die maan en sataliete kon gaan wys.

Arme **Willem de Waal** moes so met sy een hand (die ander een het regtig in rugby seergekry) die nuwe kys met **Rina Buys** aandurf.

Die studie in die Regte het **Hennie van der Walt** seker laat besluit dat **Gerrie Fivas** die regte voetnoot vir hom is. Hy is die kennis en sy die bewys en verduideliking.

### UITBREIDING

Manne soos **Nico Botha** (nie die apteker) het vir hulle gedagtes 'n uitbreiding aangeskaf. Ons hoop **Rieks Scholtemeyer** sal goed uitbrei op sy belangstelling.

Nog 'n ou wat uit sy slaap wakker geskud is, is **Daan Malan.** Die een wat sy oë laat oopgaan het, was **Marie Buys.** Een ding is seker: hy was nie deur die slaap toe hy ernstig geraak het nie, want nou is hulle gekys, en dis daarom dat hy deesdae so droomverlore lyk.

* * *

● Probeer is die beste geweer; ook maar net totdat die patrone opraak.

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

## GIMNASTE STEEDS BEDRYWIG

Op Donderdagaand 18 Mei is 'n nuwe bestuur van die P.U. Gimnastiekklub gekies, met Wynand Putter as voorsitter, Gouws Oberholzer as kaptein en Irma Schoeman as kapteine.

Gert Scholtz is die penningmeester terwyl die ander addisionele lede Winnie Bekker, M. Rautenbach en Tjaart Steyn is.

Die nuwe bestuur is nie alleen van voornemens om aan die Noord-Transvaalse en die Interuniversitêre kampioenskappe deel te neem nie, maar ook aan ligawedstryde. Ook is besluit om die oefentye van die klub met 'n halfuur te verleng; oefenaande (Dinsdae en Donderdae) begin dus nou om 7.00 nm.

Omdat die Normaal-studente nou hul eie klub het en nie meer op die bestuur van die P.U.-klub dien nie, kan daar nou aansoek gedoen word om lidmaatskap van die S.S.B., 'n stap wat grootliks verwelkom sal word. 'n Stap in hierdie rigting word binnekort verwag.

Verskeie gimnaste is ook gekies om afrigting van mnr. Aveborn, Springbok-afrigter, te ontvang. Dit sal van groot waarde wees vir die gimnaste en 'n veel hoër peil kan hierdeur bereik word.

## Korfbalspan Verloor

Op 10 Mei het sowel die eerste as die tweede korfbalspanne hul ligawedstryde om die Mercia- en Maisonitebeker respektiewelik teen P.O.K. verloor.

Die tweede span het 'n mooi oorwinning van 58—19 oor die Verpleegstersklub van Witrand behaal toe die twee spanne op Saterdag 20 Mei gebots het.

**Trap vas met Dixi . . .**

**Dixi-Cola**

**Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.**

SHERR & SHAKINOVSKY

FOON 16 en 1144 POSBUS 134

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

**Rokmateriaal -- veral roklengtes**

**NOMOTTA-WOL in voorraad**

# OMIE LOKOMOTIEFIE SKRYF 'N HARTEBRIEFIE

Liewe Maatjies,

Omie is alweer hier by julle met omie se briefie aan julle. Omie is ook baie bly oor al die briefies en goetertjies wat omie van julle gekry het.

Dit lyk my die maatjies daar van die Puk is baie oulike kindertjies, want een klein seuntjie, **Cassie van der Walt,** het vir my geskryf dat hulle daar lekker Vreugdedag gehou het.

Hy en 'n paar maatjies het glo vlokkies gebou met sulke snaakse goed bo-op. Al die maatjies het glo vir hulle sulke lawwe kleertjies aangetrek om nog snaakser te lyk, as wat hulle altyd lyk.

Die ou grootmense het glo gesê die kindertjies was sommer kinderagtig, daarom noem die nare ou grootmense die maatjies nou studentjies.

### OULIK

Toemaar, maatjies, omie sal nooit so van julle dink nie, want omie weet mos al lankal hoe oulik en opreg julle is.

● Onthou net maatjies, as julle weer sulke vlokkies bou, dan moet julle altyd baie gesies vang, sodat julle die dag kan geniet. As julle nou so vlokkies bou, en 'n maatjie slaan dalk sy vingertjie met 'n hamertjie raak, dan moet hy niks sê nie, maar eers gou vinnig tot by 10 tel, en as hy dan nog iets wil of moet sê, dan moet hy dit baie hard sê, want dan was dit baie seer.

### SAAM-SAAM

Omie was ook baie bly om te hoor dat die seuntjies en dogtertjies so saam-saam gehelp het met die bouery. Omie is ook bly dat party maatjies net gekyk het, sonder om iets te doen, want hulle kon dan mooi al die foutjies van die ander maatjies sien wat bou sonder om bietjie moeg te word.

Tata, liewe maatjies,

OMIE LOKOMOTIEF.

## Jukskei op Hoë Noot Afgesluit

**'n Besige seisoen lê agter die rug. Nie alleen was die belangstelling vanjaar besonder goed nie, maar die standaard was die hoogste na die herstigtiging van die laer in 1958.**

Die beste vertonings was die twee klinkende oorwinnings wat oor P.O.K. behaal is—die eerste keer sedert 1958 dat die Puk daarin kon slaag om P.O.K. te klop.

Die Pukke het bietjie gesukkel teen Proefplaas en kon slegs met 8—7 wen. Teen Potchefstroom-Dorp het die Pukke hul enigste neerlaag gelei, maar in 'n herontmoeting het hulle daarin geslaag om die bordjies te verhang.

### WYKSBOND

Altesaam 13 spelers, sewe mans en ses dames, het die Potchefstroomse Wyksbond verteenwoordig. Hier het die Pukke die beste vertoning gelewer deur naelskraap te verloor teen die sterk span van Klerksdorp. Alle spelers van lg. span het reeds vir Wes-Transvaal gespeel.

As individuele spelers moet die name van Kobus Meintjies, Tjaart van der Walt en Rina Fleischman genoem word. Meintjies was kaptein van die Potchefstroomse Wykspan.

## Onder 19-span Op Segepad

*Die O/19-A-span is nog steeds op die oorwinningspad.*

*Op Saterdag 13 Mei het hulle die B-span van Starthvaal met 9-z verslaan. Die Pukke se span was aansienlik verswak aangesien vier van hulle staatmakers in die Wes-Transvaalse O-19 span gespeel het, maar hulle het nogtans 'n maklike oorwinning behaal.*

*Punte is aangeteken deur hulle kaptein Kobie van der Walt (drie), Viljoen (drie) en Fanie van Wyk (drie).*

*Die B-span het ook goed vertoon en gelykop gespeel teen die A-span van Strathvaal, met 6 punte elk.*

*Die Pukke se eerste drie is aangeteken deur Des van der Linde (drie), terwyl die tweede drie byna letterlik deur al agt voorspelers gedruk is. As 'n mens in aanmerking neem dat Strathvaal slegs een drie teen hulle kon aanteken, dan lyk dit of die B-span sommer moeilik raak.*




**Elke Sigaret 'n Meesterstuk**

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik. Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# SPRINGBOKKAPTEINS GESELS OOR SPORT EN TOER

**'n WIL OM TE WEN en 'n bereidwilligheid om te verloor, eerlikheid teenoor jou span en teenoor jouself en ook teenoor die reëls asook die aanwesigheid van 'n aangename spangees is, volgens Avril Malan, drie van die vernaamste fondamente van sport in die algemeen en van rugby in die besonder.**

Avril Malan het op Maandagaand 15 Mei voor die studente in die Totiussaal opgetree met 'n lesing oor sport asook een en ander oor die jongste Springbokrugbytoer waarvan hy kaptein was, vertel. Hy is deur Johan Claassen aan die gehoor voorgestel en deur mnr. S. du Toit, president van die rugbyklub, bedank.

Die doel van deelname aan sport is, volgens Avril Malan, ontspanning en om ontslae te raak van oortollige energie (lg. egter slegs 'n sekondêre doel). 'n Mens se deelname aan sport word bepaal deur sy aanleg en sy belangstelling en hy spoor sportmanne en -vroue aan om wat hulle doen, te doen so goed as wat hulle kan. So is die verdienste van kompetisie dat dit die beste uit 'n mens haal.

Voorts het hy sterk klem geplaas op oefening, veral individuele oefening.

### GEVOLGE

Deelname aan sport het verskeie indirekte gevolge, volgens Avril. Nie alleen is dit karaktervormend en kweek dit deursettingsvermoë nie, maar ook is dit van belang vanweë die vriendskap en kameraadskap wat dit kweek. As voorbeeld het hy daarop gewys dat daar geen verskille op toer was tussen Afrikaner en Engelsman nie.

Verder ontwikkel sport 'n mens se denkvermoë, bring dit lewenservaring en ondervinding, veral op sosiale terrein. Deelname aan sport brei ook 'n mens se algemene kennis geweldig uit.

'n Belangrike gevolg is dat 'n mens in aanraking gebring word met die werklikheid self en die gevare wat dit inhou. Deelname aan sport blyk dus van soveel waarde te wees dat die meester werkgewers dit as 'n goeie getuigskrif beskou en aan die sportlui voorkeur verleen in betrekkinge.

### OOP RUGBY

Avril het ook die pas-afgelope toer behandel en die implikasies wat dit teweeggebring het. Hy wys daarop dat hulle slegs oop rugby kon speel as hul teenstaanders baie swakker as hulle was of as hulle bereid was om dieselfde te doen; dikwels egter was dit nie die geval nie.

Hy het 'n beroep op die pers gedoen om nie soveel op die individuele vertoning klem te lê nie, maar om meer op die span as 'n geheel te konsentreer—en dan veral op die goeie dinge.

Mnr. Du Toit het in sy bedankingswoord die S.A. keurders geloof dat hulle altyd in die keuse van hul kapteins manne met skoon karakters en groot persoonlikhede kies. Hy voel dankbaar dat Johan en Avril mekaar gevind het nadat Johan die kapteinskap aan Avril moes oorhandig.

Mnr. Du Toit, wat as die kampvegter van skoon spel in Wes-Transvaal beskou kan word, het oor ongeoorloofde spel gepraat—op 'n skertsende wyse en verwys na sy eie voetbaljare. Die groot en geesdriftige gehoor het telkens geskater van die lag.

Johan Claassen, wat Avril aan die studente voorgestel het, het as uitstaande kenmerke van Avril genoem sy besondere deursettingsvermoë, sy vasberadenheid en sy onwrikbare geloof, ook in homself. Dit is die redes vir sy sukses. „Wat hy doen, doen hy opreg; in hom is daar geen bedrog nie," het Johan besluit.



**Tydens die besoek van Avril Malan is die groep in die Kafeteria deur die S.S.B. onthaal. Op die foto verskyn v.l.n.r. mnr. Piet Bosman, mev. Malan, Avril Malan, mnr. J. Serfontein, Johan Claassen, Piet Bosman (P.U-kaptein) en mnr. S. du Toit.**

## Hokkiespan Behaal Sege

Slegs een dame, Albertha Howell, is tydens die proefwedstryde op 13 Mei gekies vir die Wes-Transvaalse span. Sy is reeds die afgelope drie jaar lid van hierdie span en was ook al lid van die Protea-span.



**Albertha Howell.**

Met baie mooi samespel kon die dameshokkiespan verlede Saterdag daarin slaag om die gedugte span van Stilfontein met 4—3 te klop. Uitblinkers was veral E. Martins, wat vir drie doele gesorg het, en Betsie Sphör.

Die tweede span het ook getoon dat hulle nie onderskat kon word nie deur met slegs een doel (2—1) teen die A-span van Carletonville te verloor.

**LE ROUX ATELJEE**
*vir al u*
FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
asook
ELEKTRIESE WARE — SKRYFBEHOEFTES — RADIO'S
Besoek ons Ateljee te
**Von Wiellighstraat 33** **Telefoon 2217**

## Hokkiespan Moet Sokkies Optrek

AAN DIE HOKKIEFRONT was dit die afgelope tyd besonder bedrywig. Op Saterdag 13 Mei het die eerstespan teen Viljoenskroon gaan speel en moes tevrede wees met 'n gelykop uitslag. Die eindtelling was twee doele elk.

Jan du Preez, Japie Verhoef, en Lourens du Plessis het gesorg vir goeie vertonings en die doele is dan ook aangeteken deur Du Preez en Du Plessis. Die veld was in 'n hopeloos toestand en dit het die gehalte van die spel baie beïnvloed.

Verlede Woensdag het die eerstespan weer gelykop gespeel—hierdie keer teen Pote. Die telling was weer twee doele elk.

### VERSWAK

Die span is aansienlik verswak toe Bossie Snyman as gevolg van 'n besering die veld moes verlaat. Op daardie stadium was hy al vir sy span 'n doel werd terwyl die ander doel deur Jan du Preez behaal is. As geheel het die span egter 'n swak vertoning gelewer.

Verlede Saterdag moes hulle egter die knie voor Strathvaal buig met 'n telling van 4—1. Veral in die eerste helfte het die Pukke 'n swak vertoning gelewer en origens was hulle aanval sonder angel met die afwesigheid van Bossie Snyman.

'n Verdere swakheid in die geledere was die feit dat die skakels nie hulle teenstaanders merk nie.

In die voorlyn het Lourens du Plessis die beste vertoon en ook die Pukke se enigste doel behaal terwyl Herman Louw skitterend gespeel het in die gat.

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

# Pukke Delf Onderspit Teen Klerksdorp

MET 'N VERSWAKTE eerstespan kon die Pukke nie daarin slaag om die sterk span van Klerksdorp te stuit nie en moes hulle die aftog blaas met 17 punte teenoor ses.

Om sake te vererger moes voorryman De Waal na 'n kort rukkie die veld verlaat met 'n ernstige skouerbesering; toe was die Pukspan eers ontwrig.

Fido Barnard, wat in die beseerde Phillips se plek gespeel het, het getoon dat daar nog meer van hom in die toekoms gehoor sal word.

Die enigste ander ligpunt in die wedstryd was die vertoning van Schalk Hoogenboezem op heelagter; veral sy skopwerk na die buitelyn was weer puik.

### NAVY

Ook Navy kon die pyp nie rook teen hul veel swaarder teenstanders nie en het met 25—5 verloor. Afgesien van die keer, heel aan die begin, toe Serfontein van die afskop gaan druk het, het die Pukke slegs enkele kere in hul teenstanders se gebied gekom en moes hulle deurgaans tweede viool speel.

### FIRES EN TEKKIES

Fires het ook getrou aan die tradisie van die besondere dag, die knie voor Klerksdorp gebuig. Hulle is met 'n naelskraap oorwinning van 6—5 die loef afgesteek.

Sakkie Lessing en Ernie van der Merwe het baie goed vertoon en die enigste drie is dan ook deur eersgenoemde aangeteken en deur Andries Coetzer vervyf.

Tekkies is met 14—6 die loef afgesteek deur Koöperasie (op Pukveld).

## Bokser behaal Eer

*'n Eerstejaarstudent, Anton Harvey, het pragtig gepresteer op die pas-afgelope inter-universitêre bokstoernooi te Kaapstad deur die ligweltergewigtitel en ook die trofee vir die beste bokser te verower.*

*Wat sy vertoning des te merkwaardiger maak is dat hy sowel sy twee uitdunne as die finale geveg met uitklophoue in die eerste rondes gewen het.*

*In die eindgeveg het hy net een hou geslaan en dit was die uitklophou.*

★ *Voorwaar 'n man wat weet hoe om sy vuiste te gebruik, en daarby 'n baie goeie gesant vir die Universiteit.*

# Tafeltennisspelers Tree Met Eer Uit Stryd

DRIE PUKKE, nl. Faan Oosthuizen, Willie Potgieter en Andries van der Walt, het op Saterdag 6 Mei aan die interdistrikskampioenskappe te Venterspost deelgeneem en besonder goed gevaar.

Aanvanklik kon aldrie spelers nie hul voete vind nie, maar later het veral Faan Oosthuizen lekker gespeel.

Die oorwinning van 7—3 oor Vereeniging B was die beste vertoning, veral indien in aanmerking geneem word dat die Pukke die enigste klubspan was terwyl die ander klubs gekombineerde spanne gestuur het.

Hiermee is die eerste rondte van die liga byna afgehandel en dit lyk asof die mans A-span die Potchefstroom/Klerksdorp afdeling gaan wen.

Hierbenewens is vriendskaplike wedstryde teen Venterspost, Vereeniging, Tukkies en Wits in die vooruitsig gestel. Eersgenoemde drie wedstryde vind op die tuisveld plaas terwyl die wedstryd teen Wits waarskynlik op Johannesburg sal plaasvind.

## *In en Om die Kleedkamers*

SO BYNA ONGEMERK het 'n Puk as nie-amptelike ambassadeur van die Puk baie roem verwerf, nie net vir homself nie, maar ook vir sy Universiteit.

Ek verwys hier na Anton Harvey (sien berig elders op sportbladsy). Ons wens vir Anton hartlik geluk met sy uitstaande prestasie.

* * *

Tydens 'n onlangse besoek van drie rugbyspanne aan Wes-Rand, wat terloops baie goeie rugby opgelewer het, was veral opmerklik tydens die onthaal die afwesigheid van drank.

'n Aangenamer onthaal kon die Pukke nie verwag het nie, en 'n mens kan maar net hoop dat Wes-Rand se voorbeeld nie ongemerk by ons ander rugbyklubs sal verbygaan nie.

● En . . . kom ons los maar die sing van „Ou Neef" wanneer ons die gaste van ander mense is. Ons doen net meer skade daardeur as wat ons aldag besef, en veral in hierdie tyd waarin ons verkeer, met sy noodsaaklike eis van eenheid, kan hierdie ou tradisionele gebruik net sorg vir verdere verwydering.

* * *

Twee Pukke, Piet Bosman en Carl Grundlingh, het die besondere eer gehad om Saterdag vir Wes-Transvaal teen die besoekende Iere te speel, 'n wedstryd wat die Mielieboere ongelukkig met 16—6 verloor het.

Hiermee het hierdie twee spelers ook hul provinsiale kleure verwerf en saam met Jan van der Schyff is hulle die enigste manne wat hul provinsie die afgelope tyd verteenwoordig het.

Op Saterdag 13 Mei het vier juniors vir die provinsiale O/19-span teen Noord-Transvaal opgedraf. Hulle is Johan van der Schyff, wat ook kaptein van die span was, Koos du Plessis (slot), De Villiers (heelagter) en Barnard (flank).

In die vorige wedstryd, teen Oos-Transvaal, het dié vier en ook J. Viljoen (voorry) vir hul provinsie opgedraf.—(Sportred., D.W.)